**Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek**

**Borgward Club of South Africa, Southern Region**

**Februarie 2024**

# Borgward Nuus / News

*Bl.*

*Voorwoord & En nou?* 1

*Jaarprogram 2024* 2

*Jaareind funksie* 3 & 4

*Meelewing* 4

*As ons nie … dan…..!* 5 & 6

*Die Plymouth & Mercury* 6

*Borgward is my lewe (2)* 7

*Uit die argiewe Nog brokkies* 8

*Afskop & Om oor na te dink* 9

## Van die Voorsitter

Voorspoed vir 2024! Mag die res van die jaar vir almal net voorspoedig verloop en goeie ervaringe oplewer, veral met jou getroue en kosbaarste besitting, jou Borgward. Mag jy ook aangename verassings beleef soos Kees in sy storie beskryf.

Hoog op vanjaar se program is ons Nasionale saamtrek by Upington wat 'n ope dag vir die publiek gaan insluit vir ons uitstalling saam met die Kalahari Oumotor klub, asook 'n besoek aan die Augrabiese watervalle. Ons jaarprogram wat elders verskyn is ook propvol interessante uitstappies en byeenkomste om met ons karre uitstappies te doen en hulle te geniet. Dit is ook belangrik vir hulle instandhouding, want hulle "vergaan van staan".

Daar is ook dwarsdeur die jaar verskeie interessante byeenkomste wat ons lede kan aan deelneem en ons sal vanjaar probeer om ten minste twee weke voor die betrokke datums besonderhede op ons whatsapp groep te plaas. Een en almal is welkom om ons vrywillig te verteenwoordig by sulke geleenthede.

In Prof Heese se storie raak hy baie kortliks aan die Interessante geskiedenis van Carl Borgward. Dit gee eintlik 'n kort inleiding tot Hendrik Strydom se boek getiteld "Borgward die brandpunt, Drome in metaal en chroom" wat die lewe, werk en nalatenskap van Carl Borgward beskryf. Dit is 'n pragtige en volledige samevatting van Borgward se voetspore en vele suksesse. 'n Moet om aan te skaf! Die boek het so pas verskyn en kan direk van Hendrik bestel word teen R350 plus R120 posgeld. Sy kontak nommer is 0609626080. Eksemplare sal ook beskikbaar wees by die Upington saamtrek. Dankie Kees en Magda vir nog 'n lekker lees uitgawe. **Louis**

NS. Sien ons Jaarprogram op 'n aparte bladsy. Druk die bladsy uit en hou dit op 'n baie opsigtelike plek!

## En nou?

In die Junie 1993 "Borgward Nuus van die Noorde" verskyn 'n lys van lede van die klub, 'n lang lys van 96 name met adresse en telefoon nommers, natuurlik almal landlyn nommers. 'n Mens kan aanvaar dat elke lid wel 'n Borgward produk gehad het. Toe ek dit sien, skiet 'n klompie vrae my te binne. Hoeveel lede het hulle nou? Elke klub wil graag groei, maar dit is nie altyd maklik nie. Sedert 1993 is daar natuurlik 'n aantal lede oorlede. Wat het van hulle Borgwards geword? As familie dit geërf het, is hulle nou klublede? As hulle verkoop is, is die nuwe eienaars lede? Hoeveel lede het verdwyn a.g.v. verhuising? As 'n Borgward produk van eienaar verwissel, word daar moeite gedoen om die nuwe eienaar op te spoor, en word daar regtig probeer om hom te oorreed om 'n lid van die klub te word deur hom te wys op die voordele om onderdele teen 'n baie billike prys te kry, benewens al die sosiale byvoordele wat dit meebring.? 'n Mens wil aanvaar dat iemand wat 'n Borgward koop, 'n versamelaar van klassieke karre is en die kar heel moontlik wil restoureer. Daarvoor is dit absoluut noodsaaklik om by die klub aan te sluit! **Kees Beekman**

# JAARPROGRAM 2024

Teken asseblief hierdie datums aan in u dagboek. Volledige inligting sal nader aan elke geleentheid d.m.v. ons whatsapp groep deurgegee word. Ons maak staat op almal se heelhartige ondersteuning om ons klub lewendig te hou. Kom en geniet.

| Datum | Tyd | Aktiwiteit | Plek |
|---|---|---|---|
| 2024/02/03 | | Afskop - Pizza aand | Louis en Rina |
| 10&11/02/24 | | George motorskou | George |
| 2024/02/12 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/03/10 | | Eight feet restaurant | Riebeeck kasteel |
| 2024/03/11 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 21-24/03/24 | | Nasionale saamtrek | Upington |
| 2024/04/08 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/04/20 | | Skiereiland toer | |
| 2024/05/13 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/05/18 | | Kuier by Jaco Bruwer | Robertson |
| 2024/06/02 | | 63ste verjaardag partytjie | Klubhuis Parow |
| 2024/06/10 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/07/08 | | Geen vergadering | |
| 2024/07/20 | | Sopaand | Robert en Mary |
| 2024/08/12 | 19h30 | Jaarvergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/09/07 | | Orgideë skou | Darling |
| 2024/09/09 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/10/06 | | Uitrit na Greyton | Greyton |
| 2024/10/14 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/11/09 | | Hey Joe brewing company | Franschoek |
| 2024/11/11 | 19h30 | Vergadering | Klubhuis Parow |
| 2024/11/16 | | Pizza aand | Louis en Rina |
| 2024/11/30 | | Jaar afsluiting | Swellendam |

## Jaareind funksie

Vir baie lank was daar ‘n gevoel onder die lede dat ons ‘n uitstappie of byeenkoms moet reël waarby ons ons lede van die George omgewing ook kan betrek. Dit is ver vir hulle om Kaap toe te ry om hier byeenkomste by te woon.

Toe ons jaareind funksie ter sprake kom, het die gevoel hoog geloop dat ons hulle ook moet akkomodeer. Louis het begin navorsing doen en op die Republic Restaurant in Swellendam besluit. Met ‘n verbyrit daar het ons besluit om ‘n ligte middagete daar te gaan geniet en hulle spyskaart te bestudeer. Louis het toe ‘n afspraak met die Bestuurder gemaak en ons het daar gaan inloer.

Hulle beveel toe ‘n vaste spyskaart met ‘n keuse tussen Bobotie of Malay hoender, en nagereg van Malva poeding of Sjokolade brownie aan. Daar is ‘n kontant kroeg en koffie was ekstra. So is dit toe op die volgende vergadering voorgelê en algemeen aanvaar.

Sondag 19 November het almal hier uit die Kaap om 8.30vm vanaf die Engen N1 Stop vertrek. Osmond en Marietha met hul Borgward het al die vorige dag gery vir ‘n ekstra wegbreek. Pierre en Maria het ons ook uit ‘n ander rigting op Swellendam ontmoet, met hul gewone motor. Kees en Evert, Doepie, Mariaan en Hennie Potgieter, John en Liz en ek en Louis het almal met Borgwards gery. Robert en Mary het met ‘n gewone voertuig gery. Mary het bestuur, want Robert het nog nie sodanig herstel dat hy wou bestuur nie. Die Paarliete Dolf en Hector met hul gades was ook daar met gewone motors.

Uit die Suid Kaap het Japie snr. se Borgward besluit om bietjie steeks te wees langs die pad. Toe die motor eindelik weer reg was, het Japie bietjie olik gevoel en maar weer huiswaarts gekeer. Graham het met Johan van Tonder se Koepee gekom. Ongelukkig het Johan ook op die nippertjie agter gebly. Japie Jnr. en Willie en Chris Barnard was wel daar met hul Borgwards. Tammy Raubenheimer het verskoning gemaak. Haar man was in vir ‘n operasie aan sy hand.

Almal kon langs die restaurant parkeer en al die Borgwards kon langs mekaar staan vir die publiek om te bewonder. Sommer met die aankoms het daar ‘n bus met toeriste gestop en hulle het omtrènt foto’s geneem en die karre geniet.





Dit was ‘n baie aangename dag. Die restaurant personeel het vir ons binne twee lang tafels gedek. Die kos was regtig baie smaaklik voorberei en bedien. Almal het heerlik geëet.





Louis het ook sommer van die geleentheid gebruik gemaak om ‘n vinnige vergadering te hou omtrent die Nasionale Saamtrek op Upington. Inligting is deurgegee en lede kon vrae vra en insette lewer. Aangesien Lucas Rautenbach skielik in Oktober aan ‘n hartaanval oorlede is en hier naby nie ‘n Gedenkdiens vir hom was wat ons kon bywoon nie, het ons ‘n oomblik van stilte ter ere aan hom gehandhaaf. Ons sal hom mis.

So vinnig het die dag ten einde geloop en moes ons weer huiswaarts keer. Kees en Evert het besluit om op Swellendam te oornag – lees die volgende berig om te sien wat was die gevolge van die besluit! John en Liz het weer op Montagu oorgebly. Die ander is almal huistoe en het veilig gery. ‘n Baie lekker uitstappie en funksie wat nog lank onthou sal word.

Rina

## **Meelewing**

In die November 2023 nuusbrief het ons berig oor Evert Veenstra se pyn en ongemak met sy elmboog na sy val in September. Sedertdien is lede deur gereelde whats-apps op die hoogte gehou van al die verwikkelinge na nog 2 operasies en sy tyd in die siekeboeg. Op 6 Jan. is hy terug in sy hulpsorgwoonstel om verder aan te sterk. Ons is dankbaar vir die verbetering, asook vir al die lede se meelewing. Ongelukkig is hy op 2 Feb. weer in die hospitaal opgeneem met ‘n Klebsiella infeksie.

Falko Nowack het die laaste klompie maande baie pyn en ongemak met shin splint in al twee sy bene. Tot 2022 het hy vir bykans 6 jaar daarmee geworstel, en na 2 jaar het die pyn weer begin. Ons vertrou dat die medikasie wat hy al sedert 2016 gebruik, saam met die behandeling, gou verligting sal gee en hy weer spoedig sonder pyn oor die weg sal kom.

Robert Schepel het nog steeds probleme met sy hart, wat dalk verband hou met die pasaangeër. Hy was op 1 Feb. weer by sy dokter vir ‘n ondersoek. ‘n Verstelling aan die pasaangeër sal hopelik die verlangde uitwerking hê. Robert se chauffeur is van onskatbare waarde vir hom in hierdie moeilike tyd – haar naam is Mary, sy vrou!

Piet Kotze is op 31 Januarie in die hospitaal opgeneem vir 3 dae vir toetse en ondersoeke met die oog op ‘n rugoperasie wat in die middel van Maart gedoen gaan word. Ons vertrou dat die operasie vir hom verligting sal gee van die pyn en ongemak waarmee hy die laaste tyd worstel. Ons opregte meegevoel ook aan Henriëtte met haar broer wat einde Januarie oorlede is.

In the November newsletter we reported about Henk Raubenheimer, who had a procedure on his hand on 16 November. When I phoned Tammy on 1 February, she said he is up and going again after she had her hands full for the first month keeping him away from working on cars. He is busy restoring a Lloyd which he aims to show off at next year’s George show. We can’t wait to see the end result, and are glad that he is able again to live his passion.

Ons het ook gehoor dat Graham Davies onlangs in die middernagtelike ure oor ‘n matjie geval en met sy knie op ‘n tafeltjie met ‘n glas blad beland het en sleg gesny het. Teen die tyd dat die nuusbrief verskyn, is die wond basies genees, en Graham het my belowe dat hy van alle los matjies ontslae gaan raak! Dit is mos so, nê Graham?

Ons erelid, Laurie Claassen, het middel Des. geval en gelukkig niks gebreek nie. Hy het wel sedertdien ‘n pyn en ongemak rondom die maag, en is besig met toetse. Ons vertrou dat hulle spoedig die regte diagnose sal maak en die nodige kan doen om verligting te bring

Kees Beekman

## **As ons nie ………..dan…………!**

Wat ‘n vreemde opskrif vir ‘n berig! Gewoonlik kan ‘n mens uit die opskrif vir ‘n berig al ‘n idee vorm waaroor die berig gaan, maar hierdie opskrif? Eers as jy die berig gelees het, sal jy die opskrif se ontbrekende woorde kan invul, dus lees my asb.!

Hierdie berig hou verband met die heerlike uitstappie Swellendam toe op Sondag 19 November 2023 vir ons jaareinde afsluitingsete – sien die berig hieroor elders in hierdie uitgawe. Ons, dis nou ek en Evert, het al ‘n paar weke voor die tyd besluit om oor te slaap, en plek geboek by Roosje van De Kaap, nie wetende dat dit reg langs ons eetplek is nie. Nadat ons lekker geëet het en almal weer vertrek het, het ons eers rustig by die plek verkeer, en toe besluit ons net na half ses om ‘n draaitjie deur die mooi dorp te ry. Toe ons by die pragtige groot wit kerk verby ry (sien foto) sien ons ‘n klomp karre daar en besef daar is ‘n diens aan die gang. Hoewel ons ‘n bietjie laat was, besluit ons om tog nog in te gaan en was nie spyt nie – daar was ‘n pragtige kerssangdiens aan die gang! Ons het onwettig reg voor die kerk parkeer om tyd te spaar, met die gevolg dat die kar na die diens ‘n fokuspunt was en baie lidmate rondom die kar saamgedrom het. Omdat ons stadig beweeg, was die meeste mense al weg toe ons daar kom. Daar het wel nog ‘n ouer dame en nog ‘n paar lidmate gestaan en gesels by die kar. Toe ons daar kom vra sy of ek die eienaar is, en streel sy die kar saggies en sê dat sy en haar man net so ‘n kar gehad het! Ek vertel toe dat die Borgwardklub vandag hier kom eet het. Sy raak toe heel nostalgies en sê dat sy en haar man ook lid was van die Borgward klub, en van die Gariepdam saamtrekke bygewoon het. Haar naam is Grieta Fick, en haar man was Lammie, en hulle het in Boshof gebly.



Toe sy hoor ons slaap in Swellendam, nooi sy ons om die volgende oggend by haar ‘n draai te maak. Sy sou daardie aand ‘n klompie van Lammie se Borgward memorabilia opdiep wat sy vir ons wil gee sodat dit in die Borgward klub bly.

Die volgende oggend na ontbyt is ons vol verwagting na haar huis wat dateer uit die 18 honderds (Sien foto).



Sy het ons hartlik ontvang, asof ons mekaar al jare ken. Haar dogter Rina, het ook daardie oggend met ‘n geleentheid vanaf die Kaap gearriveer. Terwyl ons nog so kuier oor ‘n lekker koppie koffie, sien ek ongeveer 8 toeriste wat die buurt te voet verken. Skielik staan almal stil en neem hulle tegelykertyd fotos van die Borgward. Ek dink toe by myself as ek tog maar net ‘n foto van die fotonemery kon neem! Ek gaan toe uit en vra hulle “are you from Germany? “No” sê die een “we are from the Netherlands”. Die res van die gesprek van omtrent 10 minute was natuurlik in Hollands, want, sê die een, “waarom zullen wij het moeilik maken”? Aan die einde van die gesprek vra ek hulle ‘n guns om weer so te staan asof hulle weer almal ‘n foto van die kar neem. (Sien foto). Ek is toe weer in en kuier lekker verder. Grieta vertel toe dat hulle die kar verkoop het aan ons eie Laurie Claassen, en dat sy vir Louis van Jaarsveld en Graham Davies ook goed ken! Wat ‘n kleine wêreld!

Aan die einde van die kuier gee sy my 3 koeverte vol ou nuusbriewe van die Noordelike klub uit die vroeë negentigerjare, asook koerantuitknipsels. Sy gaan nog verder soek vir aandenkings wat ons met ‘n volgende kuier moet kom haal. As ‘n mens terugkyk na wat alles gebeur het, kan ‘n mens nie anders as om die volgende aannames te maak nie:



- As ons nie besluit het om oor te slaap nie, of
- As ons nie besluit het om daardie tyd ‘n entjie te gaan ry  nie, of
- As ons nie besluit het om die diens in die kerk tog nog by te woon nie, of
- As ons nie onwettig reg voor die kerk parkeer het nie omdat ons laat was, of
- As ons nie, om welke rede ook al, daardie naweek met die Borgward gery het nie,

DAN,  maar voor ons daarby kom, herken jy al die opskrif van die berig?  Dis moeilik om te besluit watter “As ons nie” van 1 – 5 die belangrikste een is, besluit maar self.

Nou kom ons by die “DAN” gedeelte van die opskrif – wat sou DAN gebeur het?  Dis  maklik – DAN sou daar niks gebeur het nie, en DAN sou daar dus geen berig gewees het nie!  Dankie Borgward, jy is ‘n bron van vreugde!

Kees Beekman

**Die Plymouth en Mercury** ..

In die vroeë tagtigerjare het n vriend van my ongelukkig insolvent geraak en vier (4) van sy voertuie moes opgeveil word : - n 1958 Plymouth met n ratkas probleem, n 1949 Mercury in n swak toestand, n Austin A 50 volledig en n Austin Metropolitan.

Ek en my vriende besluit toe dat die Metropolitan moet bly, en ons steek hom weg agter Boetie Koen se braai.

Van die "ou kar manne" was by die veiling.  Die Afslaer begin met die Plymouth en vra vir n bod.  Oom Fanie sé:  "R5.00 (Vyf Rand)"...niemand praat verder.  Die bod word toegeslaan vir R5.00 (Vyf Rand) plus BTW.  Die

Plymouth het voorheen gekom van n plaas buite Rietbron en het behoort aan oom Pienk Johnny Strydom.  Die ratkas is herstel en daar loop hy weer.  Met die eerste Motorskou (1997) van die Suid-Kaap Ou Motor Klub op Paul Fick se plaas, sien ek weer die Plymouth.

Daar staan n paar mense om die motor en ek vertel die verhaal.  Agter ons sit n man op n kampstoel en sê : "Moenie sulke nonsens kwytraak nie, dis vandag Sondag! ". .. En dit was Derick Dumbelton, die eienaar.  Hy het die Plymouth in Bloemfontein opgespoor.

Ek het die Mercury op die veiling gekoop vir R22.00 plus BTW.  Die plaaslike verkeerspolisie help my om beide voertuie daar weg te sleep.  Met die aankoms by my huis was vroulief baie kwaad, want sy soek nie die swart kar  op die werf nie!  En sowaar... sal sy "spiritus" op die sitplek uitgooi, en aan die brand steek!  Gelukkig kon ek die brand baie vinnig blus!

Ai, vroumense kan soms moeilik raak as daar NOG n wrak op die werf kom...!

Groete,

Brian Zechlin

NS.  Ek dink Brian het op dun ys geloop!  Sommige van die dames het begrip vir Brian se vrou!

**Borgward is my lewe – Deel 2**

In die November 2023 nuusbrief het die eerste deel van Hans Heese se berig met hierdie opskrif verskyn. Geniet nou die tweede deel.

In die jare daarna was daar weer 'n geleentheid of twee om 'n Isabella te koop, maar praktiese oorwegings het altyd in die plek van 'n hartsbesluit gestaan. Met ouderdom kom wysheid en ek het besef dat ek 'n groter bewonderaar van Carl Borgward se tydlose Isabellas is as wat ek 'n paneelkloppper of werktuigkundige is. En met die Isabella was laasgenoemde nogal belangrik!

Carl Frederich Wilhelm Borgward is in 1890 in Altona naby Hamburg gebore, die seun van 'n koleverkoper. Maar die name wat hy ontvang het, was allesbehalwe gewone middelklasname. Die "Carl" het gekom van Karel die Grote, die "Frederich" van Frederik die Grote en "Wilhelm" van die gewilde keiser van Duitsland. Met sulke name kon hy natuurlik nie anders as om bo sy nederige agtergrond uit te styg, en eindelik was die naam Borgward wêreldwyd bekend: van Addis Abeba in Ethïopië, waar keiser Haile Selassie spesiale Borgward-lykwaens uit Duitsland bestel het, tot by Keller se garage in Uniondale. Wat Borgward natuurlik spesiaal gemaak het, was dat hier 'n eienaar was wat nog aktief betrokke was by die ontwerp en bou van die motor wat sy naam dra – anders as in die geval van Peugeot, Renault, Ford en Chevrolet wie se oorspronklike vervaardigers dekades reeds dood was.

Ná skool het ek Stellenbosch se ingenieursbiblioteek gefynkam vir nog meer oor dié fassinerende maatskappy. Ek het geleer van modelle waarvan ek nooit geweet het nie: sy miniatuur-Goliath-tenk wat met afstandbeheer dinamietladings kon gaan "aflaai" op die gevegsfront, sy groot HL-reeks vragmotors wat aan die oostelike front diens gedoen het, en die artillerievoertuie en troepedraers met rusperbande wat onder lisensie tydens die oorlog gebou is. Ook die ná-oorlogse Borgward-Hansa-motors wat as 'n strukturele eenheid en nie op 'n onderstel nie (soos destyds die gebruik was) gebou is. Dié motors, met hul nuwe voorkoms en modderskerms wat deel was van die bakwerk, was die eerste werklike nuwe Duitse ontwerpe nà 1939.

Hoewel sommige van sy vooroorlogse modelle reeds in Suid-Afrika te sien was, het Borgward in 1955 formeel tot die Suid-Afrikaanse mark toegetree ná 'n ooreenkoms tussen Carl Borgward en Apie le Roux van Johannesburg en Gerald Wolman van Kaapstad. Daar was later selfs sprake van 'n monteeraanleg vir Isabellas en Borgward-lorries in Johannesburg, maar dit het nooit 'n werklikheid geword nie, ten spyte daarvan dat Borgward se uitvoer na Suid-Afrika 22 % van sy totale uitvoer verteenwoordig het en die motors beter in Suid-Afrika verkoop het as in Amerika.




NS: Ons sou graag by Hans Heese wou weet wat die storie is agter die mooi rooi Borgward waarby hy so trots staan op die foto by hierdie berig. Ons het met opset nie sy gesig op die foto nie om by "popi" verby te kom

**Uit die argiewe**:

Toe ek deur die memorabilia gaan wat ek by Grieta Fick van Swellendam gekry het, kom ek af op 'n interessante berig uit "Die Borgward koerant" van November 1992, hoewel die berig eintlik kom uit die publikasie van "Auto Motor und Sport" van 22 Feb. 1964. Die opskrif in die Borgward koerant was: Interessante nuwe ontwerpe wat as gevolg van die sluiting van die Borgward werke nooit in serie vervaardig is nie.

1. 'n Nuwe 1.8 liter dieselenjin was reeds ontwerp en sou opsioneel in die Isabella beskikbaar wees. Hierdie sowel as die 1.8 liter petrolenjin en 3.3 liter diesel is deur Hanomag oorgeneem en vervaardig, terwyl Büssing die 2.4 liter petrolenjins vir die weergmagvoertuie oorgeneem het.
2. Vir die nuwe Isabella was 'n 1.6 liter petrolenjin ontwikkel wat reeds einde 1959 op die Nurburgring suksesvol getoets is. Hierdie enjin het'n gelyke boor/slag verhouding en krukas met breër laers en het 80 pk ontwikkel.
3. Afgesien van die bekende 1.5 liter enjin van die TS was daar vir sportgeesdriftiges 'n spesiale enjin beskikbaar wat 86 pk ontwikkel het en gekoppel was aan 'n ratkas met vloerwisseling en veranderde ratverhoudings. Ook was daar 'n spesiale silinderkop vir die TS wat kraglewering tot 115 pk teen 6000 o.p.m. opgestoot het.
4. In plaas van die 2.3 liter enjin van die P100 was 'n nuwe 2.4 liter ontwerp met 'n vergasser wat in die klepdeksel ingebou was.
5. Die Goliath Hansa 1100 sou gedurende 1961 deur 'n geheel nuwe model met 'n silinderinhoud van 1300 c.c. en bakwerk wat gesamentlik met Frura van Italië ontwerp is, vervang word. Enkele eksemplare van hierdie model is vandag nog in private besit.

Kees Beekman

**Nog 'n paar brokkies:**

1. Kersdag 2023 was anders. Evert was in die siekeboeg van die aftree oord. Ek was die hele oggend daar en het die middag daar geëet. Die middag was ek alleen tuis, en besluit toe maar om 'n sirkelroete met die Borgward te ry omdat hy langer as 'n maand laas gery het. Die sirkelroete is 27 km lank en daar was 3 episodes wat die ongeveer 30 minute gebeur het. Die robot naby my huis was rooi, ek wil links draai en langs my staan 'n Fortuner. Die linker passesier maak sy venster oop en 'n jong man vra: "Watse kar is dit oom? " Ek sê toe dis 'n 1960 Borgward Isabella Coupè. Hy sê toe hy het nog nooit so 'n mooi kar gesien nie, en toe is die robot groen. So 20 km. verder stop ek vir 'n roomys. Toe ek uitklim, loop 'n man verby en sê: "Beautiful car!" Toe ek met die roomys uit die winkel kom en wou ry, klim 'n vrou uit die bakkie wat voor my parkeer was en vra of sy 'n selfie mag neem van haar en die kar. Daarna vra sy of sy net agter die stuur mag sit en of ek dan 'n foto van haar sal neem. Ek moet sê met haar rooi breërand sonhoed was dit 'n mooi prentjie! Ja-nee 'n rit met die rooi Coupè is nooit eentonig nie!
2. In April 2017 het Falko vir my 'n lys gegee van die vorige 10 eienaars van my kar, selfs van die eerste eienaar wat hom nuut gekoop het! Van die 10 eienaars was 6 klublede gewees! 'n Ander eienaar was die burgermeester van Parow. Ek wonder nog steeds waar Falko al die inligting gekry het!
3. Toe ek op 18 Januarie met Thys Botha praat vertel hy my dat hy die vonkverdeler wat hy in die November nuusbrief geadverteer het, verkoop het aan iemand van George wat nie 'n lid van die klub is nie en wat besig is om 'n Borgward te restoureer. Ons vertrou dat daardie Borgward een van die dae sal ry dat die vonke spat! Ons moet hom opspoor en oorreed om by die klub aan te sluit!

Kees Beekman

## Afskop 2024 (Louis & Rina se Lapa):

Ek en Lizbe het, vanaf 'n snikhete warm Malmesbury, Durbanville toe gery,
in die hoop dat dit daar 'n bietjie koeler sal wees.
En dit was!

Ons was die eerste lede daar en Louis en Rina-hul (Kinders, skoonkinders, kleinkinders) was sterk aan die woel met die laaste paar dinge en die kinders het heerlik in die swembad baljaar.

Die res van die lede was aanstonds daar en die pizza aand was aan die gang.

Rina het deeg uitgerol en die dames het die nodige "toppings" opgesit.

Louis en Rina se skoonseun was 'n meester pizza bakker!


Louis het 'n paar "gevleuelde" woorde gepraat en Kees het die tafelgebed gedoen.

Ons het heerlik geëet, gesels, gekuier en kort voor lank was dit tyd om huis toe te gaan.

Wat 'n wonderlike geleentheid, saam met goeie vriende, om die Borgward jaar te begin.

Baie dankie Louis en Rina!

### Om oor na te dink



1. Jy het net 2 lewens. Die tweede begin as jy besef jy het maar net een.
2. Geduld is nooit belangriker as wanneer jy op die punt staan om dit te verloor nie.

3. Die kindertyd is 'n verlore paradys.
4. Geen eksperiment kan ooit volledig misluk nie --- dit kan altyd dien as 'n negatiewe voorbeeld.
5. Wie van homself 'n donkie maak, moet nie kwaad word as mense op sy rug klim nie.
6. Die dwaasheid van die wyse is altyd nog meer werd as die wysheid van die dwase.
7. 'n Politikus is nie in mense geïnteresseerd nie, net in hul stemme.
8. Trou met iemand wat kan kook. Skoonheid vervaag. Honger bly.
9. Moenie wag tot later nie, want as later eerder kom, is jy te laat.
10. Moenie jou hele lewe droom nie, leef jou droom!

Kees Beekman

## Nuusbrief Redaksie:

Kees Beekman (082 579 0527) – beekman@cosmoprop.co.za
John McEwan (082 882 0599) – jnmcewa@gmail.com
Louis v Jaarsveld (083 687 8486) – Lvjaarsveld@mweb.co.za